Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 27 AUGUSTUS 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Chetty, Y S (TPICO)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P J Swart
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom raadslede en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die amptenare van Theewaterskloof Munisipaliteit wat as deel van die mentorskapprogram die Swartland Munisipaliteit besoek.

Pastoor Volmink van die AME-Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.
Die Speaker dra verder sy medelye oor aan rdl C M Cloete – in haar afwesigheid – met die heengaan van haar Moeder.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin, C M Cloete en B W Geel.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 MEI 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 28 MEI 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.3 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 24 JUNIE 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh Z M Abrahams, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 24 Junie 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 13 MEI 2015

5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 27 MEI 2015

5.3 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 10 JUNIE 2015
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 JUNIE 2015 /

5.4 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 24 JUNIE 2015

5.5 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 22 JULIE 2015

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

6.1 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 MEI 2015

6.2 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 26 MEI 2015

6.3 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 JUNIE 2015

6.4 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 JUNIE 2015

6.5 NOTULE VAN ‘N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 JULIE 2015

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 4DE HERSIENING VAN DIE GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)

Ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) moet die burgemeester ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die GOP en begrotingsproses.

Die tydskedule het op 12 Augustus 2015 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging gedien.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die tydskedule vir die 4de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word.

8.2 AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE DIE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die hersiening van gemelde verordening was deel van die projek om verskeie verordeninge van die Raad te hersien.

Die konsep verordening is op 9 Junie 2015 geadverteer en geen kommentaar is teen die spertyd van 3 Julie 2015 ontvang nie.

Die konsep verordening is reeds met raadslede behandel tydens 'n werkwinkel wat op 19 Mei 2015 gehou was, maar rig die Munisipale Bestuurder 'n uitnodiging aan raadslede dat indien die behoefte na afkondiging van die verordening bestaan om die verordeninge te werkwinkel, dit dienooreenkomstig gereël sal word.

Die verordening is op 12 Augustus 2015 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir 'n aanbeveling aan die Raad. Die Speaker bring die aanbeveling voor die Raad tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT
(Op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings deur die Raad aanvaar word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant.

8.3 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (GELEË TE DARLING) PER OPENBARE TENDER (12/2/B)

Die Munisipaliteit beskik oor drie onbeboude residensiële erwe in Darling in 2005 as deel van 18 erwe in fase 1 van die sg. gholfbaan-ontwikkeling by wyse van ‘n ‘pre launch’ veiling van die hand gesit, maar die Raad weer toegeval het aangesien die verkope daarvan nie gerealiseer het nie.

Die besonderhede van die betrokke drie erwe is soos volg:

Erfnommer	Grootte	Munisipale waardasie
Erf 3507	937 m²	R203 000,00
Erf 3511	928 m²	R201 500,00
Erf 3512	861 m²	R190 000,00

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir erwe 3507, 3511 en 3512, Darling;

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word vir vervreemding as residensiële erwe geïdentifiseer is en in geen stadium

vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word soos aangetoon in die verslag, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer;

(d) Dat die voorgenome vervreemding van bogemelde eiendomme geadverteer word vir beswaar/kommentaar;

(e) Dat volmag verleen word
(i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
- om te handel met enige kommentaar en/of besware wat moontlik in reaksie op bogemelde advertering ontvang mag word;
- om binne 21 dae na afloop van die veiling die aanbiedings wat ontvang is vir die onderskeie erwe te oorweeg vir aanvaarding al dan nie;

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

(f) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien enige van gemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand op ‘n ‘first come first serve’ basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendomme op die stadium van vervreemding).

8.4 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE NYWERHEIDSGROND (ERF 1401) TE DARLING (12/2/5/5-3/1)

Morris van der Watt Cabinet Makers and Joinery is 'n gevestigde besigheid in Darling wat vir die afgelope twintig jaar vanaf beide erf 1014, Darling (geregistreer in die naam van *Crawford Trading*) en erf 1015, Darling (geregisteer in die naam van *The Van der Watt Familie Trust*) opereer.

Die eienaar is begerig om 'n gedeelte van erf 1401, Darling van die Raad te koop om met erf 1015 te konsolideer. Ingesluit tot die verslag is 'n skrywe gedateer 11 Junie 2015 waarin die eienaar bevestig dat dringende uitbreiding van die besigheid noodsaaklik is weens groot kontrakte wat aan hom toegeken is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat ‘n gedeelte (groot ± 4 506 m²) van erf 1401, Darling uit-die-hand uit aan die Van der Watt Familie Trust Reg IT 2099/2004 (die eienaar van erf 1015, Darling) vervreem word, en wel teen R45,00/m², BTW uitgesluit;

(b) Dat kennis geneem word dat die gedeelte grond vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding van die betrokke gedeelte grond, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:
(i) Erf 1401, Darling is ontoeganklik vanaf die noordekant, en die konsolidasie daarvan met erf 1015 sal teweeg bring dat toegang vanuit Caledonstraat bewerkstellig sal word;
(ii) Die ontwikkelaar van erf 1015 beskik oor die vermoë en is in staat om onmiddellik, indien die betrokke gedeelte van erf 1401 aan hom vervreem word, met die ontwikkeling daarvan ‘n aanvang te neem, welke ontwikkeling na verwagting sowat 10-15 werkgeleenthede tot voordeel van die gemeenskap van Darling sal skep;
(iii) Versuim om die versoek te akkommodeer daartoe mag aanleiding gee dat die aansoeker sy besigheid in die geheel na Atlantis mag verskuif,

wat – benewens voormelde addisionele werksgeleenthede – die bestaande 25 werksgeleent-hede in gedrang mag bring.

(d) Dat dit ‘n voorwaarde van verkoop sal wees dat die gedeelte van erf 1401, Darling met die koper se erf (erf 1015) gekonsolideer moet word vir die rekening van die koper, en dat die koper verder verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit die kostes rakende die onderverdeling van erf 1401, die opstel van ‘n verkoopooreenkoms, ens.;

(e) Dat kennis geneem word dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer was vir kommentaar en/of potensiële besware (*waaroor terugvoering by die vergadering gebied sal word*).

8.5 VERSLAG AANGAANDE DIE FUNKSIONERING VAN WYKSKOMITEES VIR DIE EERSTE SEMESTER VAN 2015 (3/4/4/1)

Die Departement van Plaaslike Regering verlang dat daar op 'n gereelde basis aan die Raad verslag gedoen moet word aangaande die funksionering van wykskomitees.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte verslag aangaande die funksionering van wykskomitees vir die eerste semester van 2015;

(b) Dat verder kennis geneem word van die verslag wat opgestel is na afloop van die Provinsiale Publieke Deelname Werkwinkel wat op 27-28 November 2014 plaasgevind het;

(c) Dat die resultate van die SWOT-analise wat tydens die wykskomiteevergaderings van Augustus met wykskomiteelede gedoen sal word, aan die Provinsiale Departement gestuur word vir verdere evaluering en terugvoering aan die Raad.

8.6 2015 VERGADERINGSKEDULE

Die voorgestelde datums vir portefeuljekomitees-, uitvoerende burgemeesterskomitees- en raadsvergaderings, asook vir wykskomiteevergaderings vir 2016 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder wys daarop dat die datums onderhewig is aan wanneer die Plaaslike Verkiesings in 2016 sal plaasvind.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2016 aanvaar word;

(b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op ‘n halfjaarlikse basis;

(c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;

(d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

GETEKEN:
SPEAKER